higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEGINSELS VAN STRAFREGSPLEGING
NKR VLAK 2

(8021012)

8 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NSC

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter EEN van die volgende wette handel oor die gesondheid en veiligheid van persone by die werk en oor die gesondheid en veiligheid van persone wat die masjinerie gebruik?

A Wet 108 van 1996
B Wet 68 van 1995
C Wet 51 van 1977
D Wet 85 van 1994

1.2 Vrywillige dienslewering behels:

A Jou dienste aan te bied met die doel om betaling te ontvang
B 'n Wyse om iets van die samelewing te ontvang
C Jou dienste aan te bied en iets te doen sonder om vergoeding te verwag
D Jou dienste aan te bied sodat jy aangestel kan word

1.3 'n Verdagte is die persoon …

A wat amptelik aangekla word van 'n misdaad wat gepleeg is.
B wat die polisie verdink dat hy/sy die misdaad gepleeg het.
C wat direk deur die misdaad geraak is.
D wat gesien het hoe die misdaad gepleeg word.

1.4 Die Regsvoorskriftelike model ('Due Process Model') het te doen met …

A die beginsel van skeiding van gesag.
B ander te praat sodat 'n ooreenkoms bereik word.
C die beginsel dat 'n verdagte onskuldig is tot hy/sy skuldig bevind word.
D die metodes wat gebruik is.

1.5 Vroue is meer weerloos teen misdade soos …

A roof en moord.
B diefstal en bedrog.
C huishoudelike geweld en seksuele aanranding.
D gewone aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer.

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Baie NRO's wat waardevolle dienste aan die samelewing bied is amper hoofsaaklik afhanklik van vrywilligers.

2.2 Wetgewing aangaande die ondersoekende gesag van die wetstoepassing-komponent is goedgekeur.

2.3 NRO's lewer nie waardevolle hulp aan regeringsagentskappe in die voorkoming van misdaad nie.

2.4 Beide slagoffers en oortreders het regte wat deur die Grondwet beskerm word.

2.5 Maatskaplike faktore wat misdaad beïnvloed sluit paaie, swak infrastruktuur en openbare vervoer in.

2.6 Die beginsel van misdaadondersoek beteken dat enige misdaad wat aangemeld is deeglik en regverdig ondersoek moet word.

2.7 Veiligheid in die samelewing verwys slegs na kriminele aspekte.

2.8 Herwinning beteken dat 'n produk een keer gebruik word.

2.9 'n Persoon wat inligting aan die polisie gee staan bekend as 'n informant.

2.10 Rehabilitasie beteken om 'n gewese gevangene te help om weer in die samelewing aan te pas, 'n werk te vind en 'n goeie reputasie op te bou.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n artikel ('section') in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Jeugdiges	A	verwys na die moontlikheid van teëspoed of verlies
3.2	Ontleding van inligting	B	toedrag van sake oor 'n misdaad
3.3	Konfiskeer	C	'n gesprek waar polisie vrae aan die verdagte of aangeklaagde stel
3.4	DBV	D	die metodes wat gebruik word
3.5	Statute	E	kinders jonger as 18
3.6	NRO's	F	inligting wat bestudeer en toegepas word sodat dit nuttig is
3.7	Ondervraging	G	beslag lê op
3.8	Modus Operandi	H	'n permanente bepaling of wet, gemaak deur 'n verkose groep mense, en in 'n dokument geskryf
3.9	Gevaar	I	nieregeringsorganisasie
3.10	Bewyse	J	dierebeskermingsvereniging
		K	bepaal dat die arresterende beampte die gearresteerde persoon moet deursoek
		L	is verantwoordelik vir handhawing van die reg
		M	instandhou van korrektiewe instellings

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Noem VIER soorte statistiek wat in misdaadontleding gebruik word. (4)

4.2 Noem enige soort gevaar van toepassing op mense wat in informele nedersettings woon. (4)

4.3 Verduidelik kortliks die komponente in die strafregtelike stelsel. (8)

4.4 Noem die SES beginsels van vrywillige dienslewering. (6)

4.5 Gee VIER voorbeelde van hoe jy 'n onveilige situasie kan vermy. (4)

4.6 Verduidelik die term *vrywillige dienslewering.* (4)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Herald LIVE

Moordverdagte Van Breda gaan huis toe

Deur: Aron Hyman

Die Kaapstadse Hooggeregshof het na die De Zalze Wynland Gholf Landgoed in die skilderagtige dorp van Stellenbosch verskuif. Maar daar is niks mooi oor wat die hof daar doen nie.

'n Ondersoek ter plaatse vind hier plaas van die huis waar drie van die Van Breda-gesinslede met 'n byl doodgekap is.

Henri van Breda word daarvan aangekla dat hy sy moeder Teresa, vader Martin, broer Rudi hier vermoor het en sy suster Marli beseer het.

Henri het Dinsdag met sy span regsgeleerdes by die huis opgedaag. Hy het kalm gelyk en was geklee in 'n blou pak en sy hare in 'n koorknaapstyl gesny.

Agt polisiebeamptes van die Openbare Orde Polisie-eenheid het by die ingang van die huis gestaan.

Na 'n kort sessie vir foto's en video van die partye, insluitend Regter Siraj Desai, is ongeveer 30 joernaliste en fotograwe gevra om die perseel te verlaat.

Van Breda het gister in die Kaapstadse Hooggeregshof onskuldig gepleit op die moorde, die poging tot moord op sy suster en dwarsboming van die gereg.

Sy advokaat, Pieter Botha, het 'n 18 bladsye pleitverduideliking gelees waarin hy beweer dat 'n aanvaller gelag het toe hy die lede van die gesin met 'n byl gekap het.

In sy verklaring het Van Breda gesê dat hy met verbasende gemak die aanvaller ontwapen het maar dat dié toe 'n mes te voorskyn gehaal het waarmee hy na Van Breda se bors en arm gekap het.

Van Breda het gesê dat hy die byl wat hy afgeneem het na die aanvaller gegooi het toe die aanvaller teen die trap af gevlug het maar dat hy gestruikel en 'hard geval het'.

Van Breda het gesê hy het nadat die aanvaller gevlug het die huis ondersoek en is toe weer met die trap na bo.

'Ek het Marli, wat bo op die trap se oorloop langs my ma gelê het, sien beweeg. My ma het nie geroer nie. Die laaste ding wat ek kan onthou is dat ek Marli en my ma gesien het. Toe het ek my bewussyn verloor,' het hy gesê.

5.1 Verduidelik die volgende terme:

5.1.1 Audit alterem partem (2)

5.1.2 Aanklag (2)

5.1.3 'n Ondersoek ter plaatse doen (4)

5.2 'Van Breda het gister in die Kaapstadse Hooggeregshof onskuldig gepleit op die moorde, die poging tot moord op sy suster en dwarsboming van die gereg'. Ingevolge Seksie 106 van die Strafproseswet, mag 'n beskuldigde sekere verweerskrifte pleit.

Noem enige VIER van hierdie verweerskrifte. (4)

5.3 'n Beskuldigde word deur die staatsaanklaer gedagvaar en die aanklag word gelees.

Watter inligting moet in die klagstaat vervat wees? (4)

5.4 Onderskei tussen *kruisondervraging* en *hoofondervraging*. (2 × 2) (4)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D

VRAAG 6

Bespreek die rol en funksies van die Departement van Korrektiewe Dienste. **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou